Vinkie

Laerskool Fairland

Marketstraat 145, Fairland | 011 678-4591/2 | www.lsfairland.co.za | Jaargang 17 nr 20 | 5 Augustus 2010

## BELANGRIKE DATUMS

- 9 Augustus – Vrouedag
- 11 Augustus – Gr. R- instappie
- 12 Augustus – Hooked on Books

Bespreek sou gou as moontlik om teleurstelling te voorkom. Indien enige besigheid belangstel, sal ons dit waardeer as 'n eregaste-tafel @ R2 500-00 geborg kan word.

Cobie

## DDISSELBOMFUNKSIE TEN BATE VAN VOORSKOOL FAIRLAND

Laerskool Fairland – kom ondersteun ons Ddisselblomfunksie!

Datum: 13 Augustus
Tyd: 18:00 vir 18:30
Plek: Wesbankgebou, Fairland
Prys: R250 p/p wat 'n drie-gangmaaltyd, 'n glas wyn en die vertoning insluit
Kontak: Cobie Olivier of Ezette Olivier by 083 756 4577

## BEHEERLIGGAAM

**GR. R- EN GR. 1- INLIGTINGSOGGEND**

Die gr. R- en gr. 1- inligtingsoggend vind hierdie jaar gesamentlik plaas op Donderdag 2 September. Die gr. R- sessie sal geskied van 08:00 – 10:00 en die gr. 1- sessie van 11:00-13:00 in die skoolsaal.

Daar sal 'n kort program in die saal wees en afrigters en klereverskaffers sal die geleentheid gegee word om hulle produkte en dienste uit te stal teen 'n nominale tarief.

'n Beperkte aantal plekke is beskikbaar vir die uitstal van akademiese of kurrikulum-verwante produkte of dienste (soos bv. opvoedkundige speelgoed of boeke) deur ouers of buite-instansies. Hierdie uitstallings mag egter nie in kompetisie wees met die goedgekeurde verskaffers en afrigters wat tans deur die skool ondersteun word nie.

Vir verdere inligting, stuur 'n e-pos aan Liezl Byliefeldt (liezlb@mweb.co.za).

Ons sien uit daarna om die nuwe gr. R- en gr. 1- ouers en -leerders by ons te verwelkom!

## REDAKSIE

Daar is min dinge in die lewe wat vir 'n mens dieselfde gevoel van bevrediging gee as 'n afgehandelde taak.

So dikwels word ons onder gekry deur die aantal onvoltooide, onafgehandelde dingetjies in ons lewens: daai deurmekaar Tupperware-kas, die dierbare liasseerwerk, die koffie-belofte aan 'n vriendin, af-knope, uit-some, 'n lekkende kraan en stukkende stoeplig.

Ons maak lysies en lysies van die lysies en "diarize" en sit 'n "reminder" op ons fone, maar bly uitstel.

Soms moet jy net eenvoudig besluit: één ding op 'n slag. En maak dit klaar! Dis asof daar sommer so 'n klip van jou afrol. Dis goed vir die gees. Al kan 'n mens nie altyd alles in jou lewe beheer nie, is daar tóg sekere goed wat jy kan.

Begin klein. Werk die knoop aan, bel jou ma, raak ontslae van die helfte van jou Tupperware. Dan het jy reeds van drie jakkalsies ontslae geraak.

Vibrasie is nou klaar; ek merk dit af – moet onthou om te kyk waar's daai lysie!

Lekker week vir julle!

Erika

## AKADEMIE

**TOETSROOSTER DERDE KWARTAAL**

| | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|
| 13 Augustus | Wiskunde | Afrikaans | Engels | Wiskunde |
| 20 Augustus | Engels | Engels | Wiskunde | Afrikaans |
| 27 Augustus | NW | EBW | SW | NW |
| 3 September | EBW | SW | EBW | EBW |
| 10 September | SW | NW | NW | SW |

***TROFEë 2009***

***U word daaraan herinner dat alle trofeë wat in 2009 toegeken is, voor die einde van hierdie kwartaal ingehandig moet word. Graveer dus nou al die trofeë sodat hulle betyds ingehandig kan word. Die trofeë moet slegs by my (kamer 10) ingehandig word en nie in die kantoor gelaat word nie. Baie dankie vir u samewerking in die verband.***

***Marietjie Terblanche***

## KULTUUR

**ATKV- REDENAARS**

Baie geluk aan die volgende leerders wat hulself oortref het met puik optredes by die halfeindronde van die ATKV se redenaarskompetisie te Helpmekaar Kollege.

Pieter le Roux
Christine van Greunen
Mila Dirks
Ané Lindeque
Danie Dörfling
Lili Dörfling
Leon Dörfling
Nina Mostert
Lara Goosen

Baie sterkte aan Pieter le Roux wat deurgedring het tot die eindronde. Ons is trots op julle vir hierdie besonderse prestasie!

**NEA- KUNSWEDSTRYD**

Ons wil aan al die leerders wat deelneem aan die kunswedstryd sterkte toewens met hul voorbereiding.

## DISNEY SKOUSPEL

Die laaste optrede was op Woensdagaand en almal is dit eens dat ons 'n paar sterre in wording het by Laerskool Fairland.

Baie dankie aan al die leerders vir hul harde werk, vir hul pragtige gedrag en vir die spogvertoning wat hul vir ons almal gegee het. Dis 'n plesier om met Laerskool Fairland se kinders te werk, want hulle gee altyd hul beste vir die skool.

'n Spesiale dankie aan al die mammas wat uit hul pad gegaan het om te help op soveel gebiede. Hulle is die hart van ons skool. Baie dankie ook aan ons borge. Jul bydraes het soveel beteken! Aan al die afrigters, mede-werkers en mnr. Badenhorst: 'n duisend dankies vir ure se afrigting, klere soek en versorg, ontwerp van plakkate, programme, dekor en die voorportaal, vir die verkoop van kaartjies en die besprekings, vir tikwerk, voorbereiding van die saal, entoesiasme en ondersteuning! Julle is "rock stars"!

Tot volgende keer!

Erika

## SKAAK

### LIGA

### UITSLAE VAN LIGABYEENKOMS - MAANDAG 2 AUGUSTUS

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ontwikkelingspan A | Groep 1 | Verloor 7½ - 4½ | Jan Celliers |
| Ontwikkelingspan B | Groep 2 | Wen 6½ - 5½ | IR Griffith |
| 0/10 A-span | Groep 2 | Wen 10½ - 1½ | IR Griffith |
| 0/10 B-span | Groep 1 | Verloor 3 – 9 | Fontainebleau |
| 0/10 C-span | Groep 3 | Loslootjie | |
| 0/12 A-span | Groep 1 | Wen 11½ - 2½ | IR Griffith |
| 0/12 B-span | Groep 2 | Wen 8 – 4 | Bordeaux |
| 0/14 A-span | Groep 2 | Wen 12 – 0 | IR Griffith |

### BEPALINGS VIR DINSDAG 10 AUGUSTUS (MAANDAG IS 'N VAKANSIEDAG)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ontwikkelingspan A | Groep 1 | Loslootjie | |
| Ontwikkelingspan B | Groep 2 | Loslootjie | |
| 0/10 A-span | Groep 2 | Weg | Trinityhouse A |
| 0/10 B-span | Groep 1 | Tuis | Trinityhouse B |
| 0/10 C-span | Groep 3 | Loslootjie | |
| 0/12 A-span | Groep 1 | Loslootjie | |
| 0/12 B-span | Groep 2 | Tuis | Unika |
| 0/14 A-span | Groep 2 | Weg | Trinityhouse B |

### GAUTENGPROEWE

Ons maak graag 'n regstelling i.v.m. verlede week se uitslae van die proewe by Hoërskool Linden. Alex van Greuning se naam is per abuis uitgelaat by die Gautengproewe. Hy het 5½ uit 7 gekry tydens die skaakproewe.

*Noordwesrandspanne*

Die volgende 8 leerders is in die NWR se skaakspanne opgeneem:

| | |
|---|---|
| 0/10 | Ruan van der Spoel |
| 0/12 | Nelis van der Lingen |
| | Waldi van der Lingen |
| | Chris Meintjes |
| | Luan Roos |
| 0/14 | Alex van Greuning |
| | Dion de Wet |
| | Rurik Göbel |

## SPORT

### LANDLOOP

Die tweede ligabyeenkoms het op Donderdag 29 Julie te Deltapark plaasgevind. Daar het gemiddeld tussen 150 en 200 kinders per ouderdomsgroep weggespring. Top 20- plekke is behaal deur die volgende leerders:

**0/9- seuns**
Kyle Swanepoel – 6de (nog 0/8)
Carl Krause – 7de (nog 0/8)
Zack van Zyl – 8ste (nog 0/8)

**0/10- dogters**
Christa van Vuuren – 7de
Kara van Zyl – 12de

**0/11- dogters**
Chandré Janeke – 1ste (wen met 21 sekondes!)

**0/12- dogters**
Chanel Meintjes – 11de
Carla Janssen – 14de

0/13- dogters
Christi du Plessis –5de

0/13- seuns
Divan Koen – 7de

Baie geluk aan elke leerder wat so mooi gehardloop het! Daar is nog net twee ligabyeenkomste oor. Kom oefen gerus saam. Oefentye is Maandae, Dinsdae en Woensdae van 16:00 tot 17:00.

**HOKKIE**

*OEFENTYE VIR 0/7 TOT 0/9*

0/7 en 0/8 Dinsdae en Donderdae 13:30 tot 14:30
0/9 Dinsdae en Donderdae 13:45 tot 15:00

*LIGAWEDSTRYDE*

**Uitslae - 27 Julie**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0/10A | Sharonlea | Fairland wen | 5-0 |
| 0/11A | Sharonlea | Fairland wen | 6-0 |
| 0/12A | Sharonlea | Fairland wen | 14-1 |
| 0/13A | Sharonlea | Fairland wen | 5-0 |

Die volgende wedstryde is teen Louw Geldenhuys.

**KRIEKET**

**LIGA**

| | **Uitslae** | |
|---|---|---|
| 1ste Span | Fairland kolf eerste en behaal 148/5 in 25 beurte<br>Louw Geldenhuys kolf tweede en behaal 107 lopies | Fairland wen met 41 lopies<br>Kolwer van die wedstryd: Len Massyn 55 lopies<br>Bouler van die wedstryd: Arné Claasen 3 paaltjies vir 10 lopies in 5 beurte |
| 2de Span | Louw Geldenhuys kolf eerste en behaal 75 lopies<br>Fairland kolf tweede en behaal 76 lopies | Fairland wen met 8 paaltjies<br>Kolwer van die wedstryd: Ruan Goosen<br>Bouler van die wedstryd: Ruan Goosen |
| 4de Span | Esperanza kolf eerste en behaal 55 lopies | Fairland wen met 7 paaltjies |
| | Fairland kolf tweede en behaal 56/3 | Bouler van die wedstryd: Rian de Bruyn |
| 0/11A | Louw Geldenhuys kolf eerste en behaal 89 lopies<br>Fairland kolf tweede en behaal 90/9 lopies | Fairland wen met 1 paaltjie<br>Kolwers van die wedstryd: Merwe Nel – 20 lopies, Garren Vermeulen – 21 lopies, Jared de Beer - 19 lopies<br>Bouler van die wedstryd: Christiaan Smith – 2 paaltjies |
| 0/10A | Louw Geldenhuys kolf eerste en behaal 59 lopies<br>Fairland kolf tweede en behaal 60 lopies | Kolwer van die wedstryd: André Kruger – 12 lopies<br>Bouler van die wedstryd: Jaco Lategan – 14/2 |
| 0/10B | Fairland kolf eerste en behaal 88 lopies<br>Unika kolf tweede en behaal 60 lopies | Fairland wen met 28 lopies<br>Kolwer van die wedstryd: Tiaan van Jaarsveld – 29 lopies (nie uit nie)<br>Bouler van die wedstryd: Schalk Scheepers – 3/10 |
| 0/9B | Louw Geldenhuys kolf eerste en behaal 61 lopies<br>Fairland kolf tweede en behaal 62 lopies | Fairland wen met 6 paaltjies<br>Kolwer van die wedstryd: Divan Pienaar<br>Bouler van die wedstryd: Divan Pienaar |

Wedstrydbepalings:

| | **10 tot 12 Augustus** | **16 tot 19 Augustus** |
|---|---|---|
| 1ste Span | Dinsdag 10 Augustus<br>Unika (Weg) | Dinsdag 17 Augustus<br>Fontainebleau (Tuis) |
| 2de Span | Dinsdag 10 Augustus<br>Unika (Tuis) | Dinsdag 17 Augustus<br>Fontainebleau (Weg) |
| 3de Span | Vakansiedag | Maandag 16 Augustus<br>Fontainebleau (Tuis H/s Linden) |
| 4de Span | Vakansiedag | Maandag 16 Augustus<br>C. de Wet (Tuis H/s Linden) |

| | | |
|---|---|---|
| 0/11A | Woensdag 11 Augustus<br>Unika (Weg) | Woensdag 18 Augustus<br>Fontainebleau (Tuis) |

**TENNIS**

*LIGAWEDSTRYDE*

Junior A-span wen teen Maragon 47-9
Senior A-span wen teen Maragon 43-13

***Bethlehemtoernooi***
***Al die spelers wat aan die toernooi deelneem, skryf hul amptelike toets op Dinsdag 10 Augustus.***

*ST. BENEDICTS- TOERNOOI*

Verlede week is verkeerdelik berig dat Laerskool Fairland teen Laerskool Unika in die finaal gewen het. Dit was teen Laerskool Louw Geldenhuys.

## INLIGTINGSENTRUM

**HOOKED ON BOOKS- VERTONING GR. 1 – 7**

Die boekevertoning vind plaas in skooltyd op Donderdag 12 Augustus. Daar is 3 vertonings: gr. 1 – gr. 3, gr. 4 – gr. 5 en gr. 6 en gr. 7. Vertonings duur ongeveer een uur. Koste hieraan verbonde is R10 per leerder en die geld moet by klasonderwysers inbetaal word voor/op Woensdag 11 Augustus. Die toneelgroep vermaak elke jaar vir groot en klein. Kom geniet dit!

**KTV- MARKDAG: 4 SEPTEMBER**

Ons het uitstel verkry vir die indien van die inskrywingsvorm en besigheidsplan. Jul vorms en planne moet op die laatste Woensdag 11 Augustus by juf. Leanie ingehandig word.

**UITNEEM VAN BOEKE**

Die inligtingsentrum is weer vanaf Dinsdag 10 Augustus oop vir die uitneem van boeke. Weens die feit dat al die kostuums vir Vibrasie in die inligtingsentrum gehuisves word, was dit ongelukkig nie moontlik vir die uitneem van boeke nie.

Media-groete!
Leanie Taljaard

## CSV

Dankie aan elke leerder wat verlede week die CSV bygewoon het. Hierdie week gaan daar ongelukkig nie die CSV wees nie. Die CSV gaan egter normaalweg voort volgende week!

## AKTIWITEITE BUITE SKOOLVERBAND

**RITMIESE GIMNASTIEK**

Chanique Janse van Rensburg (gr. 3/38) het op 24 Julie Sentraal- Gauteng verteenwoordig by die interprovinsiale ritmiese gimnastiekkompetisie en 'n sesde plek behaal vir haar hoepeldans.

Gedurende die naweek van 30 en 31 Julie, het drie van ons leerders aan die Gold Reef Invitational ritmiese gimnastiekkompetisie deelgeneem en besondere goeie resultate behaal.

Chanté van Niekerk behaal 'n vyfde plek vir haar "free dance"- roetine in vlak 4 onder 11.

Dané Odendaal wen 'n bronsmedalje vir haar "free dance"- roetine, 'n bronsmedalje vir haar balroetine en 'n vyfde plek vir haar hoepelroetine. Met hierdie prestasies verower sy 'n algehele vierde plek. Dané het ook aan 'n groepdans deelgeneem, waarvoor hulle die eerste plek en 'n goue medalje gewen het.

Leana Meyer het deelgeneem in vlak 4 onder 13. Sy wen die goue medalje vir haar "free dance"- roetine, 'n silwermedalje vir haar hoepelroetine, 'n bronsmedalje vir die touroetine en 'n vierde plek vir haar balroetine. Hiermee verower sy die algehele eerste plek en wen 'n goue medalje.

Hierdie is puik prestasies, aangesien verskeie klubs van ander provinsies soos die Noord- Kaap, Mpumalanga, Limpopo en Noordwes ook deelgeneem het.

Baie geluk dogters, ons is trots op julle! Ons wens julle sterkte toe vir jul deelname in die opkomende Sentraal- Gauteng provinsiale kompetisie op 21 Augustus.

## OPTREDE: HAWELOOS BY MOSAÏEK

Die volgende dogters het aan Mosaïek-gemeente se musiekblyspel deelgeneem: Simoné Calldo, Bernice Willemse en Monique van Niekerk. Dit was 'n fantastiese produksie en die drie dogters het hul puik van hul taak gekwyt!

## GR. 7-TJIRP

Hallo daar

Nog 'n week is verby en Vibrasie is nou net geskiedenis! Môre is ons eerste toets, so ek hoop julle het hard voorberei! Ek weet nie van julle nie, maar ek ken nou my "principal parts of verbs" so goed, ek het daarvan gedroom! Ek hoop julle ken dit ook so goed!

Good luck.
Chané

## ALGEMEEN

### UITNODIGING OM SAAM TE BID

Enige ouer wat graag saam wil bid vir ons skool, onderwysers en kinders word vriendelik uitgenooi om elke Woensdagoggend 7:30 in die Lapa bymekaar te kom.

### KLEREBANKNUUS

Die klerebank het tans 'n paar judo- en karatepakke (R50 elk) te koop asook wit krieket- langbroeke en 1 wit hemp. (R40 elk). Groottes S-M.

Die klerebank is elke dag oop voor en na skool. Daar is veral baie gewone klere van naskoolkinders. Kom kyk, asb.

LW. Somerskoolrokke beskikbaar @ R40 elk (veral baie klein nrs. 6-8).

Navrae: Hendali (083 399 1565)

### SNOEPIE

Dinsdag: Chicken burger
Woensdag: Chip & dip
Donderdag: Pasta & maalvleis
Vrydag: Hot dog

Bestel vroegtydig. Gevriesde aandetes beskikbaar.

082 657 5454 / 082 465 3531

***Hoërskool Bastion se oop dag vind plaas op 14 Augustus 2010.***

MARKSPARK- SPORTKLUB: TENNIS

### JUNIOR DUBBELSTOERNOOI

Sondag 15 Augustus; 13:00

R30 per speler

Kinders moet van die basislyn af kan dien en onafhanklik telling kan hou.

Skryf in met jou eie speelmaat.

Inskrywings sluit Vrydag 13 Augustus.

E-pos inskrywings na lynda_johnson@absamail.co.za of SMS na 083 760 4261.

Sluit asseblief die name en ouderdomme van die kinders in.

**Up2date Upholstery**

Ilse de Klerk
082 887 9901

Is jou meubels *"MOEG"* . . . oudmodies, geskeur of verbleik?

Laat ons dit vir jou *"OPKIKKER"* . . . Ons doen stoffering van alle items.

Skakel ons vir gehalte, flinke en bekostigbare diens.

idk@telkomsa.net

Gratis kwotasies

**Buttercup**

***Kinder meubels, dekor & linne***

Vir beddens, boekrakke, lessenaars, dekor ens. (Blackheath Pavilllion, h/v Pendoring en Beyers Naude). 011-024-2213, www.buttercupkids.co.za.

BestProps PROPERTY BROKERS A BestGroup Company

**Houses**
**Townhouses**
**Flats/Apartments**

**SALES & LETTING**

*Christine Lang*

**Cell. 082 449 1738 ChristineL@BestSure.co.za**

**PROPERTY REQUIRED URGENTLY !!!**

*"Creating and Protecting Wealth"*

**Redaksie**

Redakteur: Erika Joubert
Databeheer: Michelle vd Walt
Redigering: Amarie Visser
Fotograaf: Elmarie Steyn
Verspreiding: Lené Kirstein

**Tjirp - redaksie**

Journaliste: Chané Hattingh
Dion de Wet
Kunstenaars: Karmi van Dyk
André Retief

# Geklassifiseerde Advertensies

**CONVERT PRECIOUS FAMILY VIDEOS TO DVD**

• VHS, 8mm, Hi8 AND Mini DV TAPES
• LP AND TAPES TO CD
• CORPORATE AND TRAINING VIDEOS TO DVD
• DUPLICATING

THE DVD WIZ LINDA 082 416 8616

www.thedvdwiz.co.za

"Administratiewe betrekking in Northcliff. Klein onderneming. Werksure 8-4, Vrydae 8-1. Tweetaligheid en rekenaarvaardigheid 'n vereiste. E-pos CV na aadmin@iafrica.com

BORGE

makro
0860 300 999

Proud Supporter of your School
Weltevreden Park 011 475 1106
it's finger lickin' good.

MySchool Every Swipe Counts!
Apply for your card today
click here
MySchool MyVillage MyPlanet

**TRIOMF AUTOMOTIVE**

- **Spesialiste in die herstel van alle moderne voertuie**
- **AA en Fabrieks goedgekeur**
- **Aanbeveel deur Versekeraars**
- **Hoogs gekwalifiseerde en toegewyde personeel**
- **Langtermyn Waarborge Uitgereik.**

***Kontak ons gerus vir uitmuntende diens***

**ONS GAAN JOU HELP.**

**4 Annadale str Martindale**

**Tel:** 477 4585/6

**Faks:** 477 5675

**Email:** mechanic@mweb.co.za

TRIOMF AUTOMOTIVE
Automotive Art since 1932

Gedruk deur Posh Advertising 011 766 1882